Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Maandag, 11 Februarie 2019
Nuusbrief no 3 / 2019

Goeie more liewe Osieteddie mamma en pappa,

Dit gaan voor die wind hier by Osieteddies. Die kleuters het nou goed ingeskakel, en neem ywerig deel aan die dagprogram.

1. Dankie, dankie, dankie aan elke mamma of pappa wat by ons **konsert**vergadering opgedaag het. Ek het groooooot waardering vir julle tyd en bereidwilligheid om betrokke te raak by die werksaamhede van die skooltjie!

Konsert-vergadering, gehou Donderdag, 7 Februarie 2019

Sake wat ons bespreek het:

i. Datum van konsert:
- Maandag, 9 September 2019: Kleedrepitisie
- Dinsdag, 10 September 2019, 10:00 & 18:00 – vertoning 1 & 2
- Woensdag, 11 September 2019, 18:00 – vertoning 3

ii. Venue: Laerskool Pietersburg-Oos

iii. Mamma-rol vs juffrou-rol
- Juffrou gaan baie aandag en tyd aan die liedjies, dansies en rympies bestee. Ons gaan selfvertrou verbeter en werk aan "konsert"vaardighede.
- Ons vra dat Mamma en pappa groot 'seblief vir juffrou met die kostuums, dekor en kosreëlings moet help.

iv. Tema / titel vir die konsert…. (ons soek nog 'n lekker-opi-tong woord vir) RUMBLE in the JUNGLE!
  - Speelbere: renosters
  - Safaribere: insekte
  - Kampbere: leeus
  - Plaasbere: paddas
  - Tuinbere: apies
  - Vakansiebere: olifante
  - Sirkusbere: krokodille
- Kostuums & grimering:

- mammas in die klas gaan saam beplan en daaraan werk, elke klasmamma sal u almal betrokke kry by hierdie aksies
- kostuums moet vrek mooi wees, maar baie koste effektief (asb)
- geen maskers nie, ons wil graag elkeen se ogies sien
- eenvormig – almal lyk dieselfde

v. Grafiese ontwerp:
   a. Indien u behulpsaam met die elektroniese ontwerp van ons kaartjies, advertensie en program kan wees, kan u my gerus kontak – 083 656 1307

vi. Dekor
   a. Corné van Heerden het haarself bereid verklaar om die dekor te koordineer. Indien iemand daar wil inskakel, haar nommer is 061 683 4211.

vii. Snoepie / etes
- Speelbere: iets soet – roomys, donuts of iets (help!!)
- Safaribere: snoepie & springmieliestasie
- Kampbere: lasagne, broodrolletjies en slaai
- Plaasbere: Kerrie & rys
- Tuinbere: water, ysies en koeldrank
- Vakansiebere: burgers – rib en gewone
- Sirkusbere: Stokworsies

viii. Kaartjie verkope
   a. Kaartjies se prys sal eers heeeeeeeelwat later bekend gemaak kan word, ons gaan ‘n begroting moet optrek
   b. Asb, koop dan dadelik – sitplekke gaan gereserveer en per stoelnommer verkoop word en daar is beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar.

ix. Klank & beligting
   a. Ons gaan iemand moet inhuur om al die vertonings te behartig
   b. Bekostigbare kwotasies sal verwelkom word

x. DVD & foto’s
- Op die ou einde, is dit al mooi memories wat ons gaan oorhê, dus is dit belangrik dat ons van iemand “goed” gebruik maak.

2. Baie dankie vir al die mammas en pappas wat reeds **<u>betrokke</u>** is met iets by die skool:
   - Ons staal klim en klouter apparat word ordentlik gediens;
   - Ons het al store begin skuif en regpak
   - Die sakke en sakke houers en sandpitspeelgoed
   - Almal se ondersteuning met die **KOSTROLLIE** projek!

<u>Indien u êrens betrokke wil of kan raak by ‘n werksaksie, kan u gerus die volgende koordineerder skakel:</u>

Mediasentrum	Annelie Parker	072 204 5338

Kreatiwiteitstoor	Mariska Slabbert	082 859 5407
Funksies / spesiale dae	Corné van Heerden	061 683 4211
Perseptueel & GM	Linda Roos	082 471 7101
Voorportaal & kennisgewingborde	Venessa van Eijk	072 995 4328
Fantasie	Sufrani Uys	083 503 7744
Tuine		
Buitespeelarea & apparaat	Eugene du Plooy	072 763 6018
Geboue en instandhouding	Henry Venter	066 477 2260
Sosiale uitreik	Anelda Oberholzer	072 587 5914
Webtuiste en bemarking	Esti Koekemoer	079 891 4714

3. **<u>My School Kaarte</u>**:
    a. Nuwe ouers is welkom om die vormpie in te vul en terug te stuur skool toe om ‘n “My School Kaart” te ontvang. Elke keer wat u by Woolworths koop en “swipe”, word aan die skool as bevoordeelde ‘n bedrag oorbetaal.
    b. Indien genoeg ouers hieraan deelneem kan u ‘n “passiewe inkomste” aan die skool verskaf. Dui net asseblief duidelik aan dat Parkieland die begunstigde is. (U hoef nie ander begunstigdes aan te dui nie.)
    c. U gaan hierdie kaart regdeur u kind se Laerskoolloopbaan gebruik, so, kry hom sommer nou.

4. **<u>Hartjie-my-liefie-dag: 14 Februarie 2019:</u>**
    - Ons trek rooi / wit en denim aan
    - Mamma pak asseblief ‘n piekniekmandjie, ons gaan piekniek hou op die groot grasperk

5. **<u>Veiligheid:</u>**
    - Ons doen ‘n beroep op al ons ouers om ASSEBLIEF nie persone sonder hekskyfies saam met u by die hek te laat inkom nie, roep eerder ‘n personeellid om uit te vind wie by die hek is, of stap dan alternatiewelik saam met die persone tot by die kantoor of Naskoolpersoneellid.
    - Indien u vir ‘n Au Pair, Ouma of Oupa ekstra skyfies benodig, kan u dit by Amanda in die kantoor kom aankoop @ R130 ‘n skyfie.
    - **Onthou: elke kleuter MOET elke dag uitgeteken word!!!**

6. **<u>Geboue en die terrein / gesoek:</u>**
    - Ek wil ‘n deur laat deur / inbreek. Ek het reeds 1 kwotasie gekry, maar ek hou my asem op! Enige ouers of persoonlike kontakte wat eerder genader kan word vir ‘n kwotasie / die werk?
    - Ek is opsoek na hout kabeltolle – groot ‘seblief!

- Baie dankie aan Eugene en Jacqueline du Preez vir die klimrame wat "gediens" word. Dit is 'n groot blessing!

Onthou ook om u kleuter daagliks te vertel hoe kosbaar hulle is!

Gedagte vir die week: "Om môre in jou kinders se herinneringe te wees, moet jy vandag in hulle lewens wees."

Geniet die res van die week.

Vriendelike Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL